Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 21 SEPTEMBER 2017

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Beamptes:
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bou-omgewing, mnr A M Zaayman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter open die vergadering. Die komitee is voltallig.

2. SAKE VIR BESPREKING

2.1 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 2366, MOORREESBURG (15/3/3-9)

Daar is reeds goedkeuring verkry om die bestaande begraafplaas op Moorreesburg met 2000 m² uit te brei (in kursief aangedui op die aangehegte terreinplan). Dit is egter nodig om die begraafplaas verder te vergroot om vir toekomstige behoeftes voorsiening te maak.

Tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 September 2017 is die moontlikheid bespreek om 'n meer geskikte ligging vir 'n nuwe begraafplaas te oorweeg en is die item terugverwys.

Dit word dus aan die hand gedoen dat die begraafplaas met slegs 'n gedeelte van erf 2366 (groot 7896 m²) vergroot word om voldoende tyd te gee om 'n alternatiewe ligging vir 'n nuwe begraafplaas te oorweeg.

BESLUIT

Die aansoek om die hersonering beperk word tot 'n gedeelte van erf 2366 (groot 7896 m²), Moorreesburg ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone 3 na oopruimte sone 4 ten einde die bestaande begraafplaas uit te brei, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes;

(a) Die voorwaardes soos vervat in die omgewingsmagtiging van die Departement van Omgewingsake gedateer 8 Mei 2017 met verwysingsnommer: 16/3/1/1/F5/17/3036/13 aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste as verantwoordelike persoon vir die bestuur van die Swartland

2.1(a)/…

Munisipale begraafplase, gekommunikeer word ten einde nakoming daarvan te verseker;

(b) Die eiendomme wat die Moorreesburg begraafplaas bevat, moet gekonsolideer word en die gekonsolideerde erf moet in die akteskantoor geregistreer word;

(c) Bome moet geplant word soos voorgestel in dr D van Driel se geïntegreerde waterkwaliteitbestuursverslag.

(d) Op aanbeveling van dr van Driel moet grafte twee meter diep wees ten spyte van die feit dat die materiaal hard is en die grafte moet deeglik gevul word om die invloei van reënwater te voorkom;

(e) 'n Moniteringsboorgat moet in Groeneweidestraat geïnstalleer word en twee keer per jaar vir die volgende parameters gemonitor word: diepte, pH, geleidingsvermoë, totale oplosmiddels, kalsium, magnesium, kalium, chloried, sulfate, nitraat, e.coli en fekale koliforme. Die resultate van die monitering moet aan die Departement van Waterwese voorsien word. Hierdie voorwaarde is soos voorgestel in paragraaf 5 van die geïntegreerde waterkwaliteitbestuursverslag saamgestel deur dr D van Driel;

(f) Die uitbreiding van die begraafplaas moet voldoende omhein word en die heining van die bestaande begraafplaas moet vir sekuriteitsdoeleindes opgegradeer word;

(g) Die nodige dreinering op die begraafplaas geïnstalleer moet word, indien loogwater problematies word soos voorgestel deur die departement van Siviele Ingenieursdienste;

(h) Die beswaarmakers in kennis gestel word van hul reg om hierdie besluit te appelleer;

(i) Die Departement Ontwikkelingsdienste opdrag gegee word om alternatiewe grond vir begraafplaas doeleindes te identifiseer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER